VERJAARSDAE

Pretoria:

Januarie	2	Jopie Van der Linden
	6	Andreas Boon
	7	Ronnie Van der Veen
	9	Hans De Wit
	15	Marjan Middeljans
	17	Marieke Admiraal
	18	Arjan Van Houwelingen
	22	Janet Ros
	24	Theo Van der Vinne
	31	Marianne Van der Horst
Februarie	3	Nicoline Bijker
	4	Arjen Buenk
	7	Andre Van der Veen
	9	Wouter Ros
	11	Trudie De Jager
	17	Gerrit Smit
	23	Carina Van der Horst
	24	Hannes Venter

Maranatha:

Januarie	4	Gerjan Hagg
	12	Astrid van der Sluis
	13	Anton Sterk
	14	Erik de Vries
	17	Arnoud van den Bout
	18	Marinus de Jager
	29	Ferdinand Kerkhoff
		Daniël van der Meulen
Februarie	10	Wolter Miske
	13	Tanya Kampman
	18	Roelof de Jong
	21	Jan Bron

Stel u belang om die Olielamp vir 1999 te ontvang?

Die koste is R35.00 hierdie jaar vir 9 uitgawes. **ALLE** ou en nuwe lesers moet asseblief inteken. Dit sal waardeer word as u so gou as moontlik kan betaal.

Kontak asseblief u naaste redaksie

Marius Bijker:
1. Nie te 'hot' nie. Eerder 'n werkswinkel vroeg in die oggend en dan een later. Onderwerpe was ook nie te rof nie. Aanbieding was goed.
2. Patty se bed wat bo-op die kas was.
3. Ja, baie goeie ontspanning.

Marietjie Bijker:
1. Interessant, maar daar was baie herhaling.
2. Oom Willem van Dalen wat so pragtig gesing het op Noot vir Noot.
3. Ja, definitief. Want dit is lekker en mens leer nuwe mense ken.

Tineke Hagg:
1. Bietjie vervelig omdat die tye te lank was. Die eerste werkswinkel kon mens nog konsentreer, maar nie by die tweede een nie.
2. Oom Willem van Dalen wat so gesing het op Noot vir Noot.
3. Ja, geen spesifieke rede nie.

Herman van der Linden:
1. Goed, maar te lank.
2. Patty en Wolter teen die dak.
3. Ja, hele opset om saam met almal te wees was lekker.

Martyn Ros:
1. Lekker. Dit moet net versprei wees deur die oggend en die middag.
2. Wolter en Patty wat teen die dak gehang het.
3. Ja, ontspanning, kongres-ete, stap, sokker en volleyball was alles lekker.

Arjan van Houwelingen:
1. 'Oraait'. Baie daarvan geleer. Dit was soms te veel 'n lesing en nie 'n werkswinkel nie.
2. Gerjan en Wolter wat rondgehang het, maar ek kan nie alles onthou nie. En ook die 'dikke buik' oom wat gesing het.
3. Ja, baie lekker.

Anja Kamphuis:
1. Die werkswinkels was baie leersaam gewees. Oom Arie Roos se aanbieding was baie goed en interessant.
2. Toe oom Willem van Dalen gesing het by Noot vir Noot.
3. Ja, dit was heerlik. Mens kon baie mense leer ken en die Bybelstudie was baie verrykend.

Kornelis Kleyn:
1. Dit was 'n baie goeie manier om die werkswinkels so aan te bied en die onderwerpe op hierdie manier te bespreek. Die onderwerpe was baie interessant. Elke werkswinkel was bietjie lank. Bietjie meer deelname van die jeug sou goed wees.
2. Toe Gerjan en Wolter geklim het.
3. Glad nie weer nie!!!! (joke). Nee, dit was baie lekker gewees en sal graag weer wil kom. Lekker om die jeug te leer ken en saam dinge te doen (socialize).

Jan van der Weide *(Jan het huisbesoek gehad tydens hierdie onderhoud. Die redaksie vra nederig om verskoning…)**:***
1. Dit was bietjie aan die lank kant. Ek het baie daaruit geleer. Baie dinge is herhaal – soos die tekening (dis nou die diagram oor ons verhouding met die Here).
2. Ontgroening!!
3. Sal weer wil gaan. Ek vind dit 'n lekker manier om meer jeug te ontmoet en dis ook lekker om saam oor die Bybel te praat.



Martin Kamphuis:
1. Goed oorgedra. Baie om van te leer. Almal wat gepraat het, het wel bietjie van mening verskil. Dit het ons bietjie deurmekaargemaak.
2. Ontgroening. Ons was vol met eier en meel. En ook in Noot vir Noot: Oom Willem van Dalen was skreeusnaaks.
3. Ja, sal weer gaan. Leer baie meer mense ken.

kan aanvang, en dit hou so lank! Dalk is spyseniering haar roeping.

Soos die nuwe jaar sy verskyning gemaak het, het 'n paar nuwe gesigte ook uit die mosterd-saadjie opgeduik. Daar word egter nog ondersoek ingestel om uit te vind die rede waarom een van ons nuwelinge, Erik-Jan Moes, die een Sondagoggend nie in die kerk teenwoordig was nie. Ja.....? Ons hoop dat almal darem tot ‘n sekere mate tuis voel. Ander dui egter duidelik daarop dat hulle al *lankal* al deel voel van die ouer jeug.

Onder die nuwe gesigte is Jan en Wietske wat deesdae nogal heel goed oor die weg kom (tot op ‘n sekere punt, natuurlik).Dan is daar weer Giny, wat duidelik laat blyk dat sy en ou Peter (dis nie ‘n persoon nie, maar ‘n ding) ‘n goeie aanvoeling vir mekaar ontwikkel het so oor die laaste tydperk.

Verder wil ons net twee mense in die kollig plaas wat deesdae nogal baie in mekaar se teenwoordigheid gesien word. Sonder om name te noem wil ons tog Ewart en Maartje ‘n goeie pad vorentoe toewens. Maartje moet egter ligloop, want daar word gehoor dat die Goutengers (veral Marleen) vreeslike harde vuiste het en nie met hulle gesukkel moet word nie.

Wel, ongelukkig het ons aan die einde van hierdie uitgawe van Die Sleutelgat gekom. Lekker loer....

Die sleutelgatloerder

Aan die voet van die Magaliesberg

HOE HET DIE GROENTJIES DIE KONGRES ERVAAR?

Ons het so 'n paar vrae gevra aan die jeug (die groentjies) wat die eerste keer op kongres was om agter te kom hoe hulle dit ervaar het.

Die volgende vrae is aan hulle gevra:

1. Hoe was die werkswinkels vir jou? Gee ‘n rede.
2. Wat was vir jou die snaakste/coolste oomblik op Kongres?
3. Sal jy weer Kongres toe gaan? Gee ‘n rede.

Marianne van der Horst:

1. Die werkswinkels was 'n bietjie te lank, maar tog interessant.
2. Toe die kok van die Kongres op Noot vir Noot gesing het.
3. Ja, mens leer ander beter ken. Die wat jy nog altyd net gesien het as nog iemand in die kerk.

Willemien Kleyn:

1.Die idee om werkswinkels aan te bied was vir my 'n baie goeie idee. Dit gee die jeug 'n kans om oop oor hul geloof te gesels onder leiding van die aanbieder. Persoonlik sou ek die groepe in bietjie kleiner groepe in verdeel het, omdat dit makliker is om mense te betrek in 'n kleiner groep. Die onderwerpe was vir my nie altyd duidelik nie. Dalk sou dit gehelp het as ons die voorstudie materiaal 'n bietjie vroeër kon gekry het (sodat almal sou weet waaroor die werkswinkels gaan), en as die aanbieders hul onderwerp meer verduidelik het aan die begin van hul werkswinkel. Nogtans het ek die werkswinkels baie geniet.
DANKIE AANBIEDERS!!!
2. Dit was toe die twee Australiese dames (Lucy en Amanda) weggehardloop het by die ontgroening.
3. Ja, dit was vir my lekker om saam te wees met so 'n groot groep jeug van die kerk.

Laurike Bosker:

1. Dit was interessant, maar te lank.
2. Die kok wat gesing het by Noot vir Noot.
3. Ja, leer baie en dis lekker.

Die volgende dag het ons dus lekker in die reën gestap en was dit nie ‘n ondervinding van ‘n leeftyd nie! Vol modder en papsopnat kom ons

toe by Diepwalle aan. Daar het ons ‘n groot vuur gemaak en ons rugsakke en skoene droog gemaak. Die volgende hut was Fisantehoek waar Erik die dag afgesluit het met ‘n romantiese tranetrekker.

Die volgende bestemming was Harkerville. Erik en Henré het hulleself goed dokter gehou en alle blase en seerplekke is behandel.

Die volgende oggend pak ons toe weer die pad aan na die Sinclair-hut. Dit was ‘n pragtige dag, maar ‘n kobra het ons lelik die skrik op die lyf gejaag terwyl ons van die son geniet het. Ons het uiteindelik by die see uitgekom en heerlik geswem. Daarna is ons na Sinclair toe. Hier het die “longdrop” die meeste aandag geniet as gevolg van die asemrowende uitsig oor die see.

Die volgende dag is ons weer Harkerville toe waar ons vir die karre gewag het. Vuil en besweet het ons toe terug gery. Johan en Erik het egter nog besluit om die staptog af te sluit met ‘n duiselingwekkende sprong van die Gourits-brug af! Vandaar is almal huis toe.

Hierdie onvergeetlike staptog sal ons altyd bybly.

DEUR DIE SLEUTELGAT

Hallo alle sleutelgattertjies,

Die laaste tyd is daar deur die gat geloer en gevind dat die deur eintlik nie gesluit was nie en daar sommer deur die hele oop deur gekyk kon word. Daar is sommer dinge gesien wat nie soos gewoontlik net deur die gaatjie gesien kan word nie.....

Wel, aangesien die meeste van ons se vakansie al weer verby is, sal ons die geheue maar weer 'n bietjie verfris.



Tydens kongres was daar 'n sekere klankman, Jaco, en sy betowerende klanke het so ver getrek dat dit tot in die riete gehoor kon word. Daar het ‘n padda vir hom gewag. Wel, sonder luidheftige gekwaak is sy toe met een enorme sprong daar weg. Ander rietbewoners beweer dat hulle haar nog nie weer met 'n oog gesien het nie. Die laaste tyd se min reën hier in die Kaap het niks met padda te doen nie - dis Antoinette en Wolter wat in die wolke is en hulle het ander dinge om te doen as om reën te maak. Wonder hoe hulle daar uit gekom het,



seker maar te veel Red Bull gedrink. Dit gee jou mos vlerke.

Bill Clinton kon dit miskien met 'n sigaar reg gekry het, maar Floris verkies eerder die blou pen (wat nou al rooi-warm geskryf is) om met Monica (nie Lewinsky nie) te kommunikeer. En verder is daar van vertroulike bronne verneem dat Floris deesdae nie meer soveel tyd het vir sy studies nie. Hy oorweeg dit selfs om weg te gaan. Dis maar net vanselfsprekend dat ‘n mens sal wonder of Monica nie iets met die hele petalje uit te waai het nie.

Tog kan Floris sy sterre dank dat hy nie in so ‘n twee(drie)stryd gewikkel is soos Mirjam nie. Op die kongres het daar – selfs sonder dat sy bewus was daarvan – ‘n behoorlike stryd oor haar kop gewoed.
Sy begin ook al wonder of die Technikon die regte ding vir haar is: sy’t ‘n sekere groepie van die jeug duidelik gewys wat sy met ‘n paar buns

geloof besig. Geloofslewe kan later bygetrek word met studente vereniging.

Haar voorstel is:
'n Eie skool moet nie so wees dat slegs mense van die kerk daarop mag wees nie, maar alle christene wat volgens die reëls wil skoolgaan. Ons moet dit ook sien as deel van evangelisasie vir mense wat iets daarmee te doen wil hê.

Annelieke de Vries:
Annelieke is 'n tweede*jaar onde*rwys*student by NKP.*

Dis 'n moeilike onderwerp om oor te besluit of jy jou kind na 'n gereformeerde H/S toe moet stuur of nie. Dit hang baie van die kind se persoonlikheid af of dit hom/haar sal breek of maak. As jy as ouer weet jou kind het 'n sterk persoonlikheid en sal maklik kan opstaan teen geloofsargumente, dan sou 'n gereformeerde H/S goed wees vir die kind. Andersom nie. Die kind word dan nie geleer om te argumenteer nie. Die gereformeerde hoërskool hou die kind in 'n omhulsel wat die argumente weghou. Wat sal dan van die kind word as hy/sy eendag gaan studeer of werk in 'n omgewing wat hom/haar nie sal beskerm teen geloofsargumente nie?

Positief:
Dit hou die kind juis in die stadium wat hy/sy alles wil uitprobeer in 'n "veilige" omgewing. Vriende het dieselfde siening oor geloof en opvoeding is amper dieselfde.

Negatief:
Die kind kry nie kans om vroeg al op sy eie bene te staan ten opsigte van geloof. Die kind moet so vroeg as moontlik met argumente in aanraking kom.

Frans Hagg:
Frans is 'n eerste jaar BSc. student.

Voordele:
Dit sorg vir 'n goeie opvoeding en is noodsaaklik. Daar word geen "valse leer" oorgedra nie.

Nadele:
Geen goeie bewapening teen die wêreld nie. Die skok van goddeloosheid kom eers later.

Voorstel:
Daar moet onder die kinders meer tyd aan God bestee word. Daar moet wel 'n gereformeerde hoërskool wees maar daar moet 'n keuse vir die ouers wees. Om God te leer ken is belangriker as om die vyand te leer ken.

Rehobot
Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"
Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DIE SAS OUTENIQUA STAPTOG

Op 22 November pak 12 mense (Erik van Alten, Henré Ehlers, Rory, Floris, Johan Snyman, Frank, Magda, Riana, Martien, Mirjam, Christine en Marié) die pad na Knysna aan. Die 22ste en 23ste het ons oorgebly in 'n pastoriehuis in George langs die Gereformeerde Kerk.

Vroeg Maandagoggend pak ons toe die pad aan Knysna toe en kom toe so 8:00 by die beginpunt, Gouna, uit. Gou daarna vind sommige mense uit hoe onfiks hulle is! By Rondebossie-hut het ons in 'n lieflike bergpoel gaan swem en net daarna het dit begin reën.

KEUSES GEMAAK OP KONGRES?

Die kongrestema verlede jaar was: “Die aanvalle van die wêreld dwing ons tot definitiewe keuses.” Dit was na my mening ‘n baie goeie tema. Nie een van ons sal kan ontken dat die wêreld regtig soos ‘n brullende leeu op ons afkom nie. Dit het ons ook baie goed raakgesien op die video wat die eerste aand vertoon is. Dankie Kapenaars, dit was regtig ‘n goeie tema!

Ek het myself egter dikwels ná die kongres afgevra of hierdie keuses op die kongres self gemaak is. In die afdeling van die video wat oor musiek gehandel het, het hulle gefokus op wat in hierdie musiek aan ons opgedis word. Iets wat mens sover as moontlik moet probeer vermy.

Kan enige kongreslid sulke musiek suksesvol vermy, as daar tydens die kongres musiek soos die van Pink Floyd gespeel word? Musiek wat mens na langdurige luister daarvan baie afgestomp en selfs depressief laat voel?

Dit was verder baie opvallend dat hierdie tipe musiek (en ander tipes) NIE gespeel is tydens die aanwesigheid van die fasiliteerders van die werkswinkels nie. Ek bepleit glad nie dat ons heeldag net klassieke musiek op kongres moet luister nie (al was Händel se Messias op Kersfees wel soos koel water in die woestyn). Tog is daar na my mening ‘n sekere lyn wat getrek moet word. Wat sê 1 Kor. 8: 13?

“*Daarom, as voedsel* (musiek) *my broeder laat struikel, sal ek in der ewigheid geen vleis eet* (musiek luister) *nie,* ***om my broeder nie te laat struikel nie.***”
(Dink veral aan al die jong kongresgangers).

Sit ek die pot mis? Reaksie sal waardeer word.

Ons sien egter wel baie uit na die volgende kongres…

Van ‘n Kongresganger

Reaksiekolom

Die volgende vrae het opgekom met die bespreking van Job 1 vanaf vers 13 tydens jeugvereniging in een van die groepe in die Maranatha gemeente. Wat dink julle hieroor?

1. Is die doel van 'n beproewing altyd om jou geloof te versterk? Dink aan Job.
2. Werk die Heilige Gees ook in mense se harte wat nie uitverkies is nie? Dink aan iemand wat belydenis doen en dan van die kerk afgaan.
3. As iemand sy geloof opreg bely en later afdwaal, het hy/sy 'n ware geloof gehad?
4. Kan jy sonde teen die Heilige Gees doen as die H.G. nooit in jou was nie?
5. Kan 'n klein geloof ook 'n ware geloof wees?

HOE IS ONS JEUG SE GEVOEL OOR ‘N GEREFORMEERDE HOËRSKOOL?

Berte Jager:
Berte is ‘n Nederlandse student wat 3 maande hier by Tukkies se tand en mond afdeling prakties doen. Hulle het ‘n gereformeerde hoërskool in Groningen. Sy was self op ‘n gewone skool daar en het later na Amsterdam getrek.



Haar mening is soos volg:
Aan die een kant het sy daar moeite mee omdat mens afgesluit word. Dit word dan ‘n vrygemaakte groep. Mens moet ook met een been in die christelike lewe staan en met een been in die wêreld.

Aan die ander kant is daar min godsdiensonderrig op die gewone skool. Op daardie leeftyd is mens ook min met die

Levitikus 19:18 "*…maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself…*" - Liefde vir jouself en jou naaste.

Maar wat van Valentynsdag?
God se liefde vir ons is nie net beperk tot een dag nie. Hy verwag ook van ons dat ons Hom 365 dae van die jaar moet liefhê (in die bybelse betekenis) en so ook ons naaste (waarby ons geliefdes ingesluit is). Is dit dan nog nodig om 'n dag soos Valentynsdag te hê? Om saam met die wêreld die seëvierende *liefde* van die mens te vier? Of gaan dit oor die gesindheid waarmee ons die dag deurbring: die ekstra waardering vir die geliefdes in ons lewe en alles wat hulle vir ons beteken?

SKOOL TOE … OF TUISBLY?

Petra en Henriette

Ons is gevra om 'n stukkie te skryf. So het ons iets anders om te doen as in die son te lê. Ons probeer te skryf in julle taal. Ons kuier by gesin de Jager, in een spesiaal klaargemaakte 'caravan'. Toe ons aankom vorige week Sondag, het dit ons opgeval hoe gasvry die mense hier is. Ook dat die mense hier baie trots is op hulle land, en ons alles wil laat sien. Maar dit is logies, want die kos is heerlik, die son is geweldig, mooie palmbome en grote huise.

Julle sal dink, wat doen ons nou hier. Naast 'n bietjie vakansie, doen we een bietjie belangrike navorsing. Ons kyk na die tuisonderrig in Suid-Afrika. Dit hou in, dat de kinders nie naar skool gaan nie, maar die ouers self hulle kinders onderwys gee. Daar is al 6 000 tot 10 000 mense wat tuisonderrig gee in Suid-Afrika. Dit gebeur ook in ander lande soos Amerika, Engeland en Australië. Maar nie baie in Holland nie. Ons was by skole op besoek gewees en by mense wat tuisonderrig gee. Ook gaan ons naar vergaderings oor tuisonderrig.

Julle sal dink:
Waarom stuur die ouers hulle kinders nie naar skool nie?
Die redes is baie verskillend, bv. die afstand is te lang na skool; die skool is duur; ouers het ander uitgangspunte oor die opvoeding van hulle kinders. Of hulle is van mening dat God die verantwoordelikheid by die ouers lê en hulle hul kinders self moet onderwys.

Is dit wel goed vir die kind om alleen onderwys te kry?
Uit navorsing het geblyk dat dit vir die kinders nie skadelik is nie. Hulle is net so sosiaal soos die ander kinders wat na skole gaan. Hulle maak wel minder kontak met leeftydsgenote, maar meer met ouer en jonger mense. Hier kom by dat die samelewing nie net bestaan uit mense met dieselfde leeftyd nie.

Hoe kan ouers onderrrig gee sonder kwalifikasie?
Hiervoor is ook baie maniere: 'n Lesprogram met die rekenaar; volledige handboeke met lesse; deur gebruik te maak van verskillende leesboeke of prenteboeke. Sommige ouers maak gebruik van eie materiaal.

Ons navorsing is nog nie klaar nie. Ons is nog besig. Ons gaan kyk na voor- en nadele. Dit is baie interessant. Ons het opgemerk dat mense krities is teenoor ouers wat tuisonderrig gee. Ons dink dat 'n mens hier baie versigtig moet wees. Mense wat tuisonderrig gee, dink dat hulle die beste manier gekies het. Hulle het dikwels lank nagedink oor die keuse.

As toekomstige onderwysers hoop ons wel om 'n pos te kry. In Holland is dit nie moeilik nie. Daar is juis te min onderwysers. "Dus doe jy de onderwysers academie, kom dan naar Holland!"

Ons sal dit geniet hier,
Groetjes!
Petra en Henriette

Groepsdruk
Dit is een van die negatiewe aspekte van Valentyns dag: Die samelewing verwag van jou om groot bedrae geld te bestee op geskenke, blomme en kaartjies. Besluit jy om min te spandeer word jy ge-etiketeer as suinig, onromanties en definitief ‘n uitsondering op die reël - want almal doen dit mos! Buiten dit verdriedubbel sekere artikels se pryse, die winkeliers vryf gulsig hulle hande by die gedagte dat hulle ‘n ekstra rand of twee hierdie maand gaan maak.

Verwagtings
Met elke Valentynsdag koester elkeen van die vroulike - en seker ook ‘n paar van die manlike geslag - die hoop dat sy/hy hierdie jaar ook iets gaan kry. En hoe groot is die teleurstelling as die dag soos enige ander dag verby gaan. Die gevoel van verwerping en ongeliefdheid is groot en het ‘n negatiewe invloed op die selfbeeld en menseverhoudings.

Anonieme geskenke
Niks is so opwindend en uitdagend as die onbekende nie, ‘n anonieme geskenk laat jou - en almal om jou - gis en spekuleer wie die anonieme aanhanger is. Maar watter doel dien die geskenk as die afsender onbekend is? Geen terugvoer is moontlik nie en na ‘n rukkie verander opgewondendheid in teleurstelling.
Valentynsdag kan so ook misbruik word, iemand wat reeds in ‘n verhouding of huwelik staan, maar heimlik van iemand anders hou, kan ontrou wees deur ‘n anonieme brief te skryf. In die geheim pleeg die persoon troubreuk.

Maar wat van die liefde?
Op Valentynsdag draai alles om die LIEFDE of so sê die baniere in die winkels, die opskrifte van advertensies, die liedjies oor die radio, die kaartjies in die winkel …
Maar die mens het LIEFDE se betekenis totaal verander van wat dit werklik was. Liefde word net in een dimensie gesien en word verlaag tot ‘n *gevoel, ‘n emosie* waarmee immorele dade goed gepraat word. Om te lieg, te steel en te moor in die naam van liefde is mos nie ongehoord nie - of so vertel sekere verhale ons.
Liefde as ‘n emosie is onbeteuld, losbandig en selfsugtig. Voorbeelde hiervan kan ons elke dag in die *Sepies* op televisie sien. Die nuut gedefinieerde liefde ondermyn ons Christelike standpunt oor die doelwitte van die huwelik, dit reflekteer in die hoë egskeidingsyfer, die hoeveelheid frustrasie in verhoudings en huwelike.

Ons moet die antwoord soek:
Wat leer die Bybel ons van die liefde. Liefde is een van die woorde wat die meeste in die Bybel gebruik word. Liefde bestaan nie net uit ‘n enkele dimensie nie, maar is egter so kompleks dat ons dit net tot ‘n mate kan verstaan.
1 Korinthiërs 13:1-13 is sekerlik die eerste teks wat ons opnoem as ons oor die liefde praat want dit vat die liefde in ‘n paar kernwoorde saam: Die liefde is: Lankmoedig, vriendelik, nie jaloers nie, praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles verdra alles. … En nou bly geloof, hoop, en liefde - hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

Romeine 13:10 wys ons nog ‘n dimensie van die liefde: *“Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet.”*

Hierdie woorde is presies die teenoorgestelde van die wêreldse weergawe van die liefde. Dit red ons van ons eie bedrieglike hart.
Liefde se betekenis in die Bybel is soveel wyer as die wêreld se beperkte insig. As mens die Bybel lees besef mens eers hoe wye spektrum die woord *liefde* dek. Liefde wat nie volgens God se wet is nie is nie ware liefde nie! (sien ook Matt 22:37-40)

Hier is enkele voorbeelde. Gaan lees dit asb. in verband.
Rut 3:10 *“Jy het jou laaste liefde beter gemaak as die eerste.*” - mbt Rut se geloofskeuse.
Hooglied 2:4 “*Sy vaandel oor my was die liefde*.” - ‘n Meisie se liefde vir haar verloofde.
Jesaja 63:9 *“…deur sy liefde het Hy hulle verlos…”* - God se liefde vir Sy volk.
Mattheüs 3:17 *“Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het.”* - God se liefde vir Sy Seun
Romeine 8:35 “*Wie sal ons kan skei van die liefde van Christus …”* - God se liefde vir ons.
Galasiërs 5:13 *“…maar dien mekaar deur die liefde…”* - Ons liefde vir mekaar deur Christus.

verkeerd gegaan het. Ek sê nie dat alles wat daar genoem word verkeerd is nie, maar jy sal baie goed weet waar jy verkeerd gegaan het. Is jy bereid om die kritiek te aanvaar? Is jy bereid om te erken dat jy verkeerd gegaan het? Is jy bereid om daaraan te gaan werk? Want onthou: gehoorsaamheid is die opdrag tot kritiek, maar kritiek is net so goed die opdrag tot gehoorsaamheid.

Mense, hierdie dinge vra geloof. Geloof om raak te sien wat mooi was, geloof om te erken wat verkeerd was, geloof om liefdevol tereg te wys en geloof om nederig die teregwysing te aanvaar.

Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. (1 Joh 5:4)

VIER JY OOK VALENTYNSDAG?

Wilma Lubbinge

Die hoofde van die Romeinse leër het geglo dat sy soldate beter vegters is as hulle ongetroud is en het hulle verbied om te trou. St. Valentine, 'n biskop in Rome was bewus van die oorlogswette in die Bybel (Deut 20:5-7) en het die mannne wat gereed was vir oorlog met hulle geliefdes getrou. Die Romeinse ryk het toe hierdie Biskop as 'n gevaar gesien en hom onthoof. Die datum was 14 Februarie 269 n.C.

Februarie is dan ook die tyd in Europa van vroeë lente wanneer die diere weer begin paartjies vorm. Shakespeare skryf in 'A Midsummer Nights Dream': "*Begin these woodbirds but to couple now?*" Februarie word dus gekoppel aan nuutgevonde liefde, geen wonder 14 Februarie is Valentynsdag nie.

'n Fransman *Charles Duke of Orleans* is in 1415 gevange geneem en na Engeland geneem waar hy opgesluit is. In sy sel het hy vreeslik na sy vrou verlang en het hy gedigte vol met sy liefde vir haar geskryf. Een so brief het hy op 14 Februarie geskryf. Sy briewe het bekend geraak en dit het al meer mode geword om vir jou geliefde 'n spesiale brief te skryf op 14 Februarie, later het die briewe verander na geskenke met 'n kort gediggie.

Wat dink die jeug van Valentynsdag?
Hier volg die uitslae van 'n onlangse meningsopname onder Pretoria se jeug: 54 vraelyste is ingevul.

Vraelys:

1. Ek dink Valentynsdag is ….
   a) iets uit die bose 4
   b) 'n spesiale dag vir verliefdes 48
2. Ek sal vir iemand iets stuur
   a) nooit 11
   b) natuurlik 41
3. Ek hoop om iets te kry
   a) nee wat 22
   b) ja, ja, ja 29
4. Ek sal R… op 'n geskenk bestee
   a) R5 6
   b) R12 19
   c) R50 14
   d) niks 13
5. Wat weet ek van die oorsprong van V-dag
   a) niks 14
   b) vae idee 28
   c) alles 10
6. Wat sal ek graag wil kry
   a) duur geskenk 12
   b) 'n blommetjie uit die tuin 35
7. Moet die afsender bekend wees
   a) ja, mens moet dankie sê! 25
   b) nee, dis romanties 20
8. Kan ons as Christene Valentynsdag vier?
   a) Ja 32
   b) Nee 3
   c) Onseker 19

Hoe moet ons teenoor Valentynsdag staan?

Om die vraag te beantwoord moet ons kyk na wat die 'brandstof' vir so 'n dag is. Ons kan dit maar erken, die oorsprong - van watter aard ook al - gaan by ons verby en is nie meer werklik van toepassing nie. Die gevolge van Valentynsdag ryk verder as wat ons ooit besef. Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word:

rakende die onderwerpe wat in die titel van hierdie artikel genoem word: drank, taalgebruik, musiek ens. Baie geregverdigde kritiek en kritiek waaraan ‘n mens beslis aandag sal moet gee.

Kritiek bereik egter nooit sy volle slaankrag as ‘n mens dit nie kan gee uit dankbaarheid vir dít wat goed en mooi was nie. Nie dankbaarheid teenoor die kongresbestuur wat so hard gewerk het om die kongres ‘n werklikheid te maak nie. Nee, dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader wat die sluise van sy genade oor ons oopgemaak en sy seën op ons laat neersif het. Dit was nie ‘n harde stortbui wat alle bogrond verwyder het nie. Dit was ‘n sagte, deurdringende reën wat diep in die harte van die kongresjeug ingedring het.

Kyk maar wat doen Johannes in Openbaring 2 en 3 as hy sy briewe skryf aan die sewe gemeentes in Asië. Hy skryf daar die woorde van die Here neer en dan begin hy telkens met die woorde: “Ek ken jou werke…” Dan noem hy dié dinge op waaroor die Here hulle prys en waarvoor hulle dankbaar kan wees. Daarna wil die Here hulle tog op enkele dinge wys en dan begin Johannes telkens met die woorde: “Maar Ek het teen jou dat…”.
So leer die Here ons om kritiek te gee. Sien raak wat mooi is, sien raak dat die Here ons weereens as gemeenskap van jeugdige heiliges bymekaar gebring het, dat daar werklik diep en goeie gesprekke tussen gelowige jongmense mog plaasvind, dat gelowige ouens en meisies bymekaar mog uitkom en dat ons verryk mog huiswaarts keer. En daarná sê jy: “Tog moet ons nog hierop en daarop gaan let” of “hier het ons die Here teleurgestel, laat ons daaraan gaan werk”.

Liefde, die reg tot kritiek
Ds. Visser skryf in die Kompas, Julie 1997, die volgende:
Wat is ons houding wanneer ons ‘n broer of suster (mede-jeuglid) *sien sondig? Reageer ons dan uit boosheid, skok of omdat ons ons vererg? Reageer ons met die gevoel dat ons beter as die ander is? Praat ons uit die hoogte?* ***Juis dan is dit so belangrik dat ons hart na hierdie lidmaat van die gemeente uitgaan.***

Ds. Visser skryf hier spesifiek oor die praktyk van die tug, maar dit geld net so goed vir die normale onderlinge omgang. As ons nie liefde het vir mekaar nie, as ons nie begrip kan opbring vir die ander se situasie nie, dan raak ons in ons optrede soos die Fariseërs: liefdeloos en moralisties. Dan doen ons steeds wat reg is, maar dan doen ons dit nie meer met ons hart nie.
Die Here Jesus het in sy omgang met die Fariseërs hierdie gebrek telkens blootgelê. Ek sal enkel voorbeelde gee.
In Markus 2:23-28 stap Jesus en sy dissipels op die Sabbat deur die gesaaides. Toe Sy dissipels begin moeg word het, het Hy hulle van die are laat pluk. Soos baie keer te vore kry Jesus met die Fariseërs te doen. Hy antwoord hulle egter baie duidelik: “*Die Sabbat is gemaak vir die mens en nie die mens vir die Sabbat nie*.” So verbreek Jesus, uit liefde vir Sy dissipels, alle moralistiese grense wat die verhouding met God kan hinder.
‘n Ander voorbeeld kry ons in Johannes 8:1-11. Hier bring die Fariseërs ‘n owerspelige vrou na Hom. Hulle wil haar stenig; dis mos immers wat Moses in die wet gebied het. Jesus se opdrag dat die een wat sonder sonde is die eerste steen moet optel en die vrou moet stenig, laat hulle egter een vir een omdraai totdat net Hy en die vrou daar staan. En dan kom Jesus se volmaakte liefde na vore en Hy sê vir haar: “Ek veroordeel jou nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.”
Hoe anders is Jesus nie in sy volmaakte optrede nie. So anders as wat ons dit verwag. Laat ons waak teen ‘n moralistiese tonnelvisie en mekaar in liefde **verstaan** en **teregwys**.

Gehoorsaamheid, die opdrag tot kritiek
Ek sien dit al, dié wat aangesproke voel deur die kritiek in die titel van hierdie artikel (oormatige gebruik van drank, verkeerde gebruik van musiek, swak taalgebruik ens.) glimlag breed en meen dat dit alles ongeregverdigde kritiek was en dat alles maar kan en mag. En dié wat bekommerde kritiek gegee het oor dít wat op kongres gebeur het, sit al klaar gereed met pen en papier om ‘n hewige reaksie op hierdie artikel te skryf.

Nee, die idee is nie om Kain se houding aan te neem nie. Ons wil nie ons skouers ophaal en vra: “*Is ek* (dan) *my broer se wagter?*”, nie (Gen. 4:9). Nee, ons moet wel deeglik na mekaar omsien. Lees maar die boek Spreuke oor die waarde van die onderlinge teregwysing. In die Nuwe Testament kry ons net so ‘n duidelik opdrag. Lees maar Hebreërs 12:7-11 en Hebreërs 3:12-13 om maar enkeles te noem.

Nou kom die vraag na jou wat weet dat jy in een van die dinge wat in die titel genoem word,

die midde van God se gemeente. Vir ongetroude vroue moet die fokus dus val op die versorging en arbeid in die geestelike gesin.

Bostaande gee egter nog geen antwoord op die vraag watter beroepe vroue mag beoefen. Die situasie van die Bybelse tyd verskil beslis met die van vandag. Daar was ander tipe beroepe as wat daar vandag is. In die Nuwe Testament kan ons byvoorbeeld aan Lydia die puperverkoopster dink, wat ‘n voorbeeld is van ‘n vrou wat aktief was in die arbeidsmark. Beteken dit dat vroue slegs in die tekstielbedryf aktief mag wees? Ek glo nie so nie. Myns insiens mag die vrou enige beroep, waartoe sy in staat is beoefen. Elkeen het hulle eie talente van die Here ontvang en mag dit ook in Sy diens ontwikkel.

Verdere opmerkings

Die deelname van beide man en vrou in die arbeidsmark het ‘n effek op die werkloosheidssyfer. As beide buitenshuis werk, is dit nodig dat daar meer werksgeleenthede geskep moet word, terwyl daar minder werksgeleenthede benodig sou word indien slegs een persoon per gesin sou werk. Die ander kant van die muntstuk is egter dat elke werker weer op sy beurt ‘n potensiële werkverskaffer kan wees. Enkele voorbeelde hiervan is: ‘n werkende ma verskaf werk vir die dagmoeder, of ‘n gesin met ‘n dubbele inkomste het meer geld om uit te gee aan verbruikersartikels. Wie op hierdie wyse van werk voorsien word, skakel nie bogenoemde probleem uit nie. Miskien moet ons hieroor goed besin: Is dit eerlik dat sommige gesinne ‘n dubbele inkomste het, terwyl ander geen inkomste het nie?

Getroude vroue wat voel dat hulle verveeld raak en baie tyd oorhou, kan maklik werk vind in die Kerk of in die breë gemeenskap, in plaas van betaalde werk. Daar is oorgenoeg arm, eensame of bejaarde mense wat besoek of gehelp kan word.

Samevattend wil ek graag beklemtoon dat die vrou aktief mag wees in die arbeidsmark, maar nooit ten koste van haar gesin nie. God het die vrou aangewys as die een wat die kinders moet dra en grootmaak. Dit is ‘n baie belangriker taak vir haar as die beoefening van ‘n beroep buitenshuis. Al sou sy ‘n beroep buitenshuis beoefen, moet dit altyd tot voordeel van haar gesin strek. Dus, in alles moet die gesin sentraal staan. Verder moet sy ook sorg dra vir die Kerklike familie en die breër gemeenskap. In die geval van die ongetroude vrou (man) staan die Kerkfamilie sentraal.

DRANK, ROCK & ROLL, VLOEK EN “CHRISTMAS-BEDDENS”[1]

Erik van Alten

“Geestelike selfgenoegsaamheid is om ongewapen op jou rug te lê terwyl die vyand doelgerig na jou toe op pad is.”

Dis wyse woorde wat in hierdie spreekwoord na ons toe kom. Maar dis ook woorde wat ons oproep om te begin werk. Dis woorde wat vra dat ons ná Kongres ’98 nie net in selfgenoegsaamheid agteroor gaan sit en meen dat ons ‘n onverbeterlike kongres gereël het nie. Daar word van ons gevra om voorraadopname te doen. En as ek praat van voorraadopname bedoel ek nie ons moet gaan kyk hoeveel tamatiesous daar te min was, hoeveel stoele ons gebreek het en hoeveel bokse Kellogs ons aan die einde verkoop het nie. Ek praat van geestelike voorraadopname. Dis daardie tipe voorraadopname wat jou laat raaksien waarvoor ons as jeug van die VGK dankbaar kan wees; dis dié tipe opname wat jou laat besef dat daar nog baie foute is waaraan ons moet werk en dat daar nog baie dinge is wat ons moet leer.

Dankbaarheid, die basis van kritiek

Dis altyd interessant om tydens en ná ‘n kongres te hoor hoe mense die kongres ervaar het. Kongres ’98 het baie kritiek uitgelok, veral kritiek

1 Ek het ook maar eers hierdie kongres uitgevind wat ‘n “christmas-bed” is. So vir die wat nie weet nie wil ek net ‘n kort definisie gee: ‘n “christmas-bed” is ‘n enkele kombers waarop twee mense van die teenoorgestelde geslag rondom ‘n vuur lê en dwarsdeur die nag kuier en gesels. Rondom ‘n enkele vuur kan ‘n mens verskeie van hierdie “christmas-beddens” teëkom.

God se beeld (Gen 1:27). Albei is gekroon met eer en glorie. Die kultuur opdrag is ook aan die vrou gegee, net soos dit aan die man gegee is: "En God het **hulle** geseën, en God het vir **hulle** gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." (Genesis 1:28)

God het man en vrou gelyk geskape, maar wel verskillend. Hulle het nie dieselfde posisie of dieselfde fisiese bou van die Here gekry nie. God het nie twee manne of twee vroue geskape nie. Nee, Hy het hulle man en vrou geskape. Hulle het verskillende funksies, wat mekaar komplimenteer; bymekaar aansluit. Die man is die hoof, die vrou sy hulp. God het haar liggaam so gebou dat sy kinders kan dra, kan voed en vir hulle kan sorg, terwyl die man nie hierdie dinge kan doen nie, maar weer 'n ander taak het.

Die sondeval het alles verander. Daar het die vrou die leiding geneem, terwyl sy haar Godgegewe posisie geïgnoreer het. Eva het die eerste feminis geword. As gevolg van die sondeval het die man ook begin om sy outoriteit en krag te misbruik deur die vrou te onderdruk. Moderne Feminisme is gedeeltelik 'n reaksie op hierdie onderdrukking.

Die getroude vrou

Beteken dit dan dat die vrou se enigste doel in die lewe is om te trou, kinders te baar en dat sy in geen ander werk of beroep betrek mag word nie? Nee! Spreuke 31 wys duidelik dat die vrou ook ander take het, naas kinders grootmaak. Sy het die taak om te sorg vir die voorsiening van haar gesin se behoeftes, soos klere en kos.

Die vrou wat in Spreuke 31 beskryf word is 'n vlytige vrou. Sy koop en verkoop koopware. Sy het baie kontakte, nasionaal en internasionaal. Al hierdie handel doen sy vir haar man. Haar man kan haar vertrou. Omdat sy so werk kan hy sy publieke taak in die poorte verrig. In haar werk is haar man dus die sentrale punt. Tog is dit nie werklik haar man wat die sentrale punt is nie, maar die Here (Spreuke 31:30). Sy doen haar werk tot roem en eer van die Here.

Alhoewel hierdie prentjie in Spreuke 31 in die Ou Testamentiese terme geskilder word, is dit vir ons nog steeds van betekenis. Die algemene beeld wat in hierdie hoofstuk geskets word is die van 'n vrou wat vry is in Christus. Dit maak ook duidelik hoe die verhouding tussen man en vrou behoort te wees; hoe daar onderlinge samewerking tussen man en vrou kan wees. Dit wys dat die vrou werksaam mag wees; dat sy nie noodwendig heeldag by die huis moet bly en slegs 'n huisvrou mag wees nie.

Die vrou uit Spreuke 31 werk nie slegs om haar eie gesin te ondersteun nie, maar sy ondersteun ook die armes. Dit beteken dus dat Christenvroue nie slegs na die welstand van hul naaste familielede moet omsien nie, maar ook na die Kerkfamilie, asook na mense in die breë samelewing.

Uit bostaande kan ons nie die afleiding maak dat dit onbelangrik is om 'n huisvrou te wees nie. Hierdie hoofstuk uit Spreuke beklemtoon juis hierdie aspek. In vers 27 lees ons: "Opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie." Hieruit word dit dus duidelik dat die versorging van haar huisgesin 'n baie belangrike taak is. In ander gedeeltes in die Skrif (1 Timotheüs 2:15; Titus 2:4,5) word dit as die belangrikste taak van die getroude vrou beskryf. In Timotheüs 5:10 noem Paulus goeie werke op, wat getroude vroue kan doen. Daar noem hy die opvoed van kinders as die eerste goeie werk. Dit maak die belangrikheid daarvan duidelik.

Daarom mag die vrou nie 'n beroep beoefen ten koste van haar gesin nie. Moeders het die taak ontvang om hul kinders op te voed. Daarom mag hulle nie, as reël hul kinders elke dag by crêches of dagmoeders "drop" nie. Dit sal 'n verwaarlosing wees van die belofte wat hulle tydens hulle huweliksbevestiging afgelê het.

Die ongetroude vrou

Maar wat van die ongetroude vrou?
In 1 Korintiërs 7 skryf Paulus: "Die ongetroude is besorg oor die dinge van die Here om heilig te wees na die liggaam sowel as na die gees, maar die getroude is besorg oor die dinge van die wêreld, hoe sy die man sal behaag" (vers 34). Wat word bedoel met "dinge van die Here?" Kom ons kyk as voorbeeld na Dorkas. Dorkas is 'n ongetroude vrou wat in Handelinge 9 genoem word. Sy het die armes gehelp deurdat sy klere vir hulle gemaak het. Paulus noem in Romeine 16 nog voorbeelde van vroue wat gewerk het in

is daar nog die begeertes in ons om ons eie wil te volg.
Maar dit mag ons ook aan die Here vertel. Hy ken ons hart en Hy is geen harde slawedrywer nie. Hy is ons Vader en Hy het juis Sy Seun gestuur om in ons plek Sy toorn te dra sodat Hy ons kan verlos van hierdie onwil, elke dag weer as ons dit na Hom bring.
Laat ons maar goed onthou dat dít is soos ons hart lyk. Maar juis daarom het ons nodig om mekaar te wys op wie Christus vir ons is! Dan groei ons *in Hom*, dan word ons ander skepsele.

In beweging deur Sy liefde
Dan gaan die JS ook vra: Wat is God se wil met ons hierdie jaar? Gaan dit nog goed op jeugvereniging? Hoe kan ons probeer om dit te verbeter? Kom ons as jeug nog genoeg bymekaar? Is my hart nog vol liefde om in my posisie die Here en *sy kinders* te dien?
Ja, dan gaan ons dit ook saam as jeug vra: Hoe wil God hê dat ons ons jaar gaan beplan? Is daar ook iets in daardie beplanning waarin ons dink aan die ander mense in die gemeente, byvoorbeeld die bejaardes, die siekes, die kerkaksies ens.? En wat van die wêreld waarin God ons geplaas het: Het ons daaraan gedink dat ons geroep word om Christus se liefde in hierdie wêreld te wys? Sigbaar in dade en met woorde?
En wat is ons taak teenoor mekaar? Teenoor die wat swaarkry, teenoor die wat nie werklik vriende in die jeug het nie, teenoor jeugvereniging en kuiers?
Gaan ons as jeug saam dink oor wat Christus se agenda met ons jeug is, waartoe sy liefde ons dring, of gaan ons leef en laat voortleef ?

Laat ons hierdie jaar maar begin by die “basics”: Laat sy liefde ons dring. As ons nie kan werk *uit Hom* en *vir Hom* nie, dan mors ons ons tyd op JV, op JS, met ons aktiwiteite ens. Dan moet ons liewer ophou (Op 3:15-16). Want ons eer Hom dan nie en bou ook nie deur Sy liefde mekaar op nie. Dit is die keuse waarvoor ons weer hierdie jaar as jeug staan: Vir Christus en Sy gemeente, of daarteen.
Dit vra van ons om gelowig te luister na Sy wil en met mekaar te dink oor hoe ons ons tyd en energie die beste kan benut. Dit gaan miskien beteken dat ons dinge moet verander, al hoef dit nie altyd nie. Solank daar werklik geloof is in wat ons doen.

Laat ons hierdie jaar as jeug vir Christus wys wat sy selfopofferende liefde vir ons beteken en dat ons ons deur Sy liefde wil laat dring.

DIE POSISIE VAN DIE CHRISTELIKE VROU

Willemien Kleyn

In ‘n tyd waarin die Feminisme wêreldwyd verspreid is, is dit baie moeilik om met Christelike norme betreffende vroue voor die dag te kom. Ook ons word beïnvloed deur die Feminisme en die meeste van ons weet miskien ook nie presies wat die Bybel ons leer oor die rol van die vrou. Daarom is dit weer: “back to basics”. Wanneer ons dit doen, is dit die maklikste om by die begin te begin.

In die begin
Toe God die mens geskape het, het Hy eers net die man geskape. Daarna het Hy die man aan die werk gesit: Hy moes die diere name gee. Adam, die eerste man, het bemerk dat elke manlike dier ‘n wyfie gehad het, ‘n hulp. Hy het egter nie vir homself ‘n hulp gevind nie. Toe se God: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n hulp maak wat by hom pas.” (Genesis 2:18). Daarom het God ‘n diep slaap oor Adam laat kom en terwyl hy slaap het Hy ‘n ribbebeen uit Adam geneem en die plek met vlees toegemaak. Van hierdie rib wat Hy uit die man geneem het skep die Here toe die vrou en bring haar na die man. Toe se die man: “Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem” (Genesis 2:23).

Bogenoemde, moet die vrou herinner dat die man eerste geskape is en dat die vrou oorspronklik uit die man geneem is en nie anders om nie. Dit maak die man die meerdere, omdat hy die “original copy” is. Hy is ook as die hoof, die leier aangewys. Hy het ook in besonder die verantwoordelikheid gekry. Indien die man nie aangewys is as die hoof nie sou daar chaos in die huwelik bestaan het. Dit beteken dat die man binne die huwelik vir sy vrou moet sorg en omgee; terwyl die vrou haarself aan sy liefdevolle sorg moet toevertrou.

Die vrou is geskape as ‘n hulp vir die man. Tog is sy nog steeds sy gelyke. Albei is geskape na

1999: WAAR LÊ JOU LIEFDE?

Jopie van der Linden

As jeug begin ons weer met ‘n nuwe jaar. ‘n Nuwe jaar van jeugverenigings, kuier met mekaar, JS vergaderings, jeugaktiwiteite ens. Miskien het jy al begin wonder hoe dit sal gaan hierdie jaar: Hoe sal dit gaan met die besprekings op jeugvereniging? Sal ek as nuweling goed inpas in die jeug? Of: hoe sal dit hierdie jaar op JS gaan?
Miskien het jy glad nie eintlik hieroor gedink nie. Dit is mos tog elke jaar ongeveer dieselfde storie! So het ons elkeen maar ons eie gedagtes oor die jeugaktiwiteite van hierdie jaar.

Maar dan is dit miskien goed dat ons bietjie saam daaroor gaan dink. Want ons is nie sommer so ‘n ou jeuggroepie wat ‘n paar dinge op ons agenda het vir hierdie jaar nie. Nee, ons is jeug van die kerk van Christus. Dit beteken: ***Hy*** bepaal my agenda vir hierdie jaar. Meer nog: Dit is ook Hy wat my *ingesteldheid* ten opsigte van die jeug van hierdie jaar moet bepaal.



Hy het ons bymekaar gebring en aan ons ‘n opdrag gegee in die wêreld. Hy gebruik ons om *saam met Hom* te werk tot sy wederkoms - saam met Hom! Dit is ‘n wonderlike opdrag wat ons saam, as jeug gekry het!
Die vraag is nou net: Wat gaan ons hierdie jaar met die opdrag doen? Gaan ons ook aan die einde van die jaar kan wys dat ons saam as jeug verder gekom het met die opdrag wat die Here ons gegee het, al was dit met rukke en stote? Of gaan ons gewoon alles hierdie jaar sy gang laat gaan, en kyk waar ons uitkom?

Vol van sy liefde
Ek dink dat as ons alles net sy gang laat gaan, ons nie in geloof besig sal wees nie. Geloof is nie outomaties nie. Die Here sê dat sy liefde ons moet ***dring*** (2 Kor. 5:14). Dit is wat geloof beteken, dat ons *vol* sal wees van sy liefde. En hierdie liefde sit ons in *beweging*. Sy liefde word dan ook die energie vir ons eie lewe van liefde vir Hom en ons naaste.
Dit is daarom allereers nodig dat ons sal verstaan Wie Hy is, en wat Hy vir ons gedoen het. Hy is *vir ons* sonde **gemaak**, sodat ons versoen kan word met God (2 Kor 5:21). Daarom is ons ook nuwe skepsele *in Christus*. Ons word dit nie deur Hom gemaak, en dan gaan ons op ons eie as jeug aan nie. Nee, ons is elke keer weer nuwe skepsele in Christus wanneer ons in geloof aanvaar dit wat Hy vir ons gedoen het. So groei ons dan *in Hom*. Ja, ons moet leer wat dit beteken. Daarvoor het ons ons jeugverenigings nodig. Ons mekaar daarop kan wys wat Christus van ons gemaak het, en hoe groot sy liefde vir ons is. Want hoe meer ons dit gaan besef, hoe meer sal die liefde van Christus ons ook dring om te gaan doen wat Hy wil. Dan gaan *leef* ons ook soos nuwe skepsele.

Ons jeugvereniging begin daarom nie op die vergadering self nie. Dit begin lank daarvoor as ek besig is met my voorstudie. Daar wil ek verstaan wat God vir my wil sê in die skrifgedeelte. Want sy liefde dring my om hieroor met my medegelowiges te praat. Ek wil vir hulle wys wie Christus vir ons is en hoe God met ons wil wandel. Dan gaan praat ons nie oor koeitjies en kalfies op JV nie, ons gaan praat ***vanuit*** hierdie liefde wat ons dring, ***wat*** hierdie liefde inhou, en ***waartoe*** hierdie liefde ons dring.
Met ander woorde, dit wil alles sê van hoe ons met mekaar omgaan op die vergadering, wat ons gaan bespreek en hoe ons dan ook ons jeug se aktiwiteite gaan beplan en bywoon.
Ons moet wegkom van hierdie idees van “ek moet dit en jy moet dat, want....”. Ja, natuurlik moet ons praat oor wat die wil van die Here is. Maar ons mag nooit maak asof ons geloof bestaan uit ‘n klomp moet’s en moenies nie. Dan maak ons asof die Here ‘n slawedrywer is! Nee, die Here se ***liefde*** moet ons dring.
Dit beteken dat ons *vrywillig* diensknegte van Hom wil wees. Ons het ‘n Meester wat tot in die dood toe Sy liefde vir ons gewys het. Laat ons nooit vergeet om by hierdie liefde te begin nie! Dan sal en wil ons verander, dan het ons ook nodig om te verander. Elkeen afsonderlik, maar ook as jeug saam.

Laat ons eerlik wees, ons ***wil*** nie altyd nie. Dit is omdat ons groei as nuwe skepsele, maar tegelyk

IS ONS SWAARKRY DEEL VAN GOD SE RAADSPLAN?

uit: Die Gereformeerde Vroueblad

Margreet Bron

Omdat 1998 ‘n jaar vol swaarkry was en 1999 nie vir haar veel beter lyk nie, wil ‘n leseres weet of ons swaarkry deel van God se raadsplan is. Ons kry ‘n mooi antwoord op hierdie vraag in Sondag 9 van die Heidelbergse Kategismus: “Hy sal ook *al die kwaad* wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, *tot my beswil verander.”* En ons kry ook ‘n mooi antwoord in die swaarkry van Sadrag, Mesag en Abednego in Daniël 3.

As koning Nebukadnesar ‘n goue beeld laat oprig en bevel gee dat *alle* mense die beeld moet *aanbid*, word die geloof van Sadrag, Mesag en Abednego swaar beproef, veral as die koning dreig: wie nie soos ‘n knipmes voor die beeld buig nie, sal in ‘n vuuroond moet brand. Die drie manne kon natuurlik baie ekskuse vind om die vuuroond vry te spring. Hulle kon geredeneer het: ons weet mos daar bestaan nie so-iets soos ‘n afgod nie; dus: buig maar. Of hulle kon agter die woorde van Prediker 4:9 geskuil het: “‘n Hond wat lewe, is beter as ‘n leeu wat dood is”, met ander woorde: laat ons maar buig en lewendig bly, want dan kan ons nog God se Woord aan die koning verkondig. Maar nee! Hulle is nie bereid om ‘n kompromie met die sonde te sluit nie; daarom is hulle antwoord vol van die *majesteit van die geloof:* ons sal nie buig nie. Ons God het die mag om ons uit die brandende oond te red. Hulle geloof word nie beskaam nie, want God stuur sy engel om hulle só te bewaar dat hulle hare nie eers geskroei was nie!

Dit wat met Sadrag, Mesag en Abednego gebeur het, is die antwoord op die vraag: is ons swaarkry deel van God se raadsplan? Die antwoord is: *ja*. God het hierdie swaarkry oor hulle laat kom sodat Nebukadnesar en sy onderdane die almag van God kon sien, Hom kon verheerlik, en sodat hulle in hul geloof gesterk kon word. Ook dit is God se doel met ons swaarkry: *sy verheerliking* en *ons geloofsversterking*. Om God se doel met ons swaarkry *nog beter* te verstaan - die volgende drie opmerkings:

Die eerste opmerking is ‘n vraag: wanneer was Sadrag, Mesag en Abednego die naaste aan die Here? Toe hulle bestuurders in diens van die koning was? O nee! *Toe hulle in die vuuroond was*, want tussen die knetterende vlamme het die koning ‘n hemelwese gesien. Laat ons dit nooit vergeet nie! As God ons pad deur vuurvlamme lei, is sy genade die rykste en sy vertroosting die innigste, want Hy *wandel saam met ons* in die vlamme. In Jesaja sê hy duidelik: as jy deur vuur moet gaan, sal die vlamme jou nie brand nie, want Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne (43:1,2).

‘n Tweede opmerking. Die drie manne was geboei toe hulle in die vuuroond gegooi is, maar toe die koning hulle sien, was hulle los. Die vlamme het die *manne* dus nie gebrand nie, maar hulle *bande* afgebrand. As God ons in hierdie jaar in die vuur van beproewing sou bring, is dit nie sy bedoeling om *ons te verbrand nie* maar om die *bande van sonde*, wat ons bind, af te brand sodat ons waarlik vry kan wees.

‘n Laaste opmerking. Die koning sien hoe die drie manne in die vuur wandel. Hulle *lê nie* en kerm nie. Hulle *hardloop nie* in wanhoop nie. Hulle *wandel* rustig en kalm in die vuur. As God se swaarkry ons hierdie jaar tref, mag ons nie in ongeduld kla en kerm en met gebalde vuiste rondhardloop nie, maar behoort ons rustig in die vlamme te wandel. Met die oog gerig op die kruis van Golgota waar ons Here Jesus gely en gesterf het, om ons van die vlamme van die hel te bevry. As ons dit doen, kan ons - deur die krag van die Heilige Gees - die nuwe jaar tegemoet gaan, met die woorde van ‘n Dawid op die lippe: “*Met my God loop ek ‘n bende storm, en met my God spring ek oor ‘n muur*.” – Psalm 18:30

om van die sonde af te wyk. Ons is geheilig deur die Heilige Gees, rein gewas. Dan kan jy mos nie weer in die modderbad van die sonde gaan rondrol, of toelaat dat ander mense in die gemeente dit doen nie? Dan wil ons mekaar help om ons ou natuur dood te maak, en soos nuwe vrygemaakte mense voor die Here te lewe. Dan gaan ons mekaar nie veroordeel nie, want ons is almal ewe sondig (Rom. 3: 11 – 18). Maar ons moet mekaar vermaan 'by die ontferminge van God' (Rom. 12: 1). Ons moet mekaar in liefde vermaan en op die regte pad wys.



Vermaning het twee kante waarvoor ons baie bang is:

1. *Om iemand te gaan vermaan*. Hoe gaan die persoon reageer? Gaan hy kwaad wees? Sal hy nog wel met my wil praat? Dit is baie belangrik om op 'n mooi manier met iemand te gaan gesels oor dinge wat nie reg is nie. Maar as ons stry vir die goeie; as ons stry teen die sonde – stry ons vir onsself? Nee! Ons stry vir die Here, en die Here is almagtig! Hy sal nie ons werk wat werklik uit die geloof gedoen word, ongeseën laat nie! Soms gebeur dit dat iemand eers op 80 jarige leeftyd besef wat die Here vir hom / haar deur jou wou gesê het. Dan was jou liefdevolle vermaning nog steeds nie nutteloos nie.

2. *Ons is ook bang om vermaan te word*. Wie hou nou daarvan as iemand op jou tone kom trap en vir jou wil kom wys hoe jy moet lewe. Wel, iemand wat jou wil help (as deel van ons opdrag in die gemeenskap van die heiliges) trap hoegenaamd nie op jou tone nie! In daardie opsig moet ons die liefdevolle vermaning van ons medegelowiges aanvaar met 'n blye hart en dankbaar wees dat die Here ons op so 'n manier wil bou in die geloof en wil bewaar van die dood.

'n Baie goeie samevatting van ons taak as gelowiges op aarde in hierdie opsig kan ons vind in Matt. 5: 13–16: ***Julle is die sout van die aarde**, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.*

As ons mekaar nie 'insout' nie, nie na mekaar se geloof omsien nie, dan is ons mense wat net vir onsself leef. Is dit moontlik om selfsugtig met God se Evangelie om te gaan?

Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat **BO-OP** 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, **en dit skyn vir almal wat in die huis is.**
Laat julle lig dan só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien **en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik**.

Ons moet (en hoef) dus nie op ons eie toeter te blaas nie. Ons mag die Here se werk verkondig en sigbaar maak! Want wie roem (op 'n toeter / ramshoring blaas) moet in die Here roem. Ons moet die Here se verlossingswerk laat klink in die wêreld wat Hy self geskape het.

Moeilike taak….?
Matt 28: 18 – 20 laat geen twyfel oor die moeilikheid van hierdie taak nie:

En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: "Aan **MY** is gegee **alle mag** in **hemel en op aarde**. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en **leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het**. En kyk, **Ek is met julle** al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. ***Amen***."

Wat beteken Amen? Dit sal waar en seker wees! Is dit nie wonderlik om te weet dat die Here ons honderd persent sekerheid gee oor die goeie uitkoms van sy werk hier op aarde nie? Mens kan dan ook nie anders as om in dankbaarheid al ons gawes in te sit in God se koninkryk, op watter gebied ook al. En ons moenie vergeet dat ons sondige mense is nie. In baie gevalle kan en gaan dit nog baie moeilik wees. Maar die belangrikste is dat ons ten volle op die Here mag vertrou! Omdat Christus **klaar** aan die kruis gesterf het en die volmaakte offer gebring het.

niks. In die heelal is die sterrestelsel al weer soos ‘n atoom in die Stille Oseaan.

Dan raak mens duiselig van die verhoudings tussen groot en klein. Want dan is groot ewe skielik nie meer groot nie, en klein is ewe skielik baie groot. Dan moet mens wel tot die besef kom dat daar iets ongeloofliks is wat dit alles gemaak het en onderhou. Daardie iets ongeloofliks is die HERE in die hemel!

‘n Fout wat ons dikwels maak is om daardie HERE in die hemel los te maak van ons Vader in die hemel. Hy wat ons so lief gehad het dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om ons van ons sondes te verlos
(Joh 3:16) is **dieselfde** God as die ontsagwekkende God waarvan daar in Psalm 148:1-6 gesing word:

Halleluja! Loof die Here uit die hemele;
loof Hom in die hoogtes!
Loof Hom, al sy engele,
loof Hom, al sy leërskare!
Loof Hom, son en maan,
loof Hom, alle ligtende sterre!
Loof Hom, hoogste hemele en waters wat bo die hemele is!
Laat hulle die Naam van die HERE loof; want Hý het bevel gegee –
en hulle (alles wat hierbo genoem word) *is geskape.*
En Hy het hulle in stand gehou vir altyd, vir ewig;
Hy het ‘n wet gegee wat geeneen oortree nie.

Ja, Hy het alles gemaak. Alles in die hemel. Alles op die aarde. Ook Suid-Afrika en al die mense voor wie ons dikwels so bang is om vir ons geloof uit te kom. Kyk maar na vers 11-13:

Loof die Here van die aarde af - ….
Konings van die aarde en alle volke,
vorste en alle regters van die aarde;
jongelinge en jongedogters,
oues saam met die jonges –
laat hulle die Naam van die HERE loof!
*Want sy Naam **alleen** is hoog;*
sy majesteit is oor aarde en hemel!

Hy is Koning oor ons almal en oor alles en hou dit in stand. Ja, daardie almagtige God in die hemel **is ons Vader** wat elke dag met ons bemoeienis maak deur sy Woord. Hy het ons bevry van die sondes en ons sy kinders gemaak deur Jesus Christus. Kyk maar na vers 14:

En Hy het ‘n horing **vir Sy volk verhef**: ‘n roem vir al sy gunsgenote;
Vir die kinders van Israel, die volk wat naby Hom is (=ons). Halleluja!

Hoekom sal ons dan bang wees om te sê dat ons sy kinders is, dat ons Sondae WIL kerk toe gaan en dat Hy die hemel en aarde gemaak het??

As mens gaan kyk na die woord HERE – dan het dit direkte verwysing na: die God van die verbond. Telkens word dit weer gebruik in Psalm 148. Hy is die almagtige God en ons Vader wat ons Sy kinders maak. Ons mag daarom geloofsversekerdheid (lees in hierdie verband Heb. 10:19-25) hê in die feit dat die Here sy kinders naby wil wees, omdat Hy hulle hier op aarde gesit het om Sy lof te verkondig, en om Sy Koninkryk te bou waarvan ons mag deel wees.

Ons mag nie skaam wees nie!
Ja, ons mag medewerkers wees van God se Koninkryk hier op aarde. Hy het ons Sy kinders gemaak en ons kan daarvoor baie dankbaar wees. Ons is in ‘n verbond met die Here. Daardie verbond het ook ‘n eis. Want die Here verlos ons van die ewige dood, plaas ons in die ewige lig as Sy kinders, gemaak met die doel om die Here te dien en eer. Dit maak nie van ons robots nie. Nee, elke mens het ‘n siel, ‘n hart, ‘n verstand en kragte gekry. Die Here wil hê dat ons met dit **alles** Hom sal dien en eer.

Ook in die wêreld waarin ons vandag leef. Ons hoef mos nie skaam te wees nie! Die mense moet weet dat die HERE alles gemaak het. Hulle moet weet dat daar by Hom uitkoms is van die dood. Dan mag ons nie skaam wees nie! As dit gaan oor die uitbreiding en instandhouding van die blye Evangelie, moet ons ons gawes in diens daarvan stel.

Ons moet nie dink dat ons in hierdie opsig net na mense buite die kerk moet uitreik nie. Juis BINNE die kerk moet ons ons Christenskap aan mekaar bewys. Ons moet mekaar aanspoor, vermaan en ondersteun – in die kerk – om die Here te dien. Ons moet nie groter waarde aan sekere persone se menings heg as aan die Woord van die Here, as hulle menings stryd voer teen die Woord van die Here nie. Die Here plaas ons in die gemeenskap van die heiliges met ‘n doel: om mekaar te help om ons hele lewe te rig op sy verlossingswerk!

Dan mag ons ook nie bang wees om mekaar te vermaan as dit nodig is nie. Die Here vra van ons

WEET JOU MEDEGELOWIGE DAT JY 'N CHRISTEN IS?

Dirk Boon

Skaam….?
So vyftien jaar gelede was Suid-Afrika 'n land waar dit redelik normaal was dat meeste winkels op Sondag gesluit was. Mens het gewoonlik nog in ons eie woonbuurte baie mense gesien wat gereeld kerk toe gaan. Die leiers van ons land was gewoonlik mense wat Christene was. Die aanhef tot die grondwet van Suid-Afrika het nog in volle afhanklikheid van ons almagtige Vader in die hemel begin. Die kerk het nog 'n redelik sentrale plek ingeneem in ons samelewing.

Ons was as gelowiges ook wel 'beskermd' gewees in daardie tyd. As iemand vir jou sou vra wat jy Sondae doen, en jy antwoord hom dat jy kerk toe gaan, sou hy nie so baie skeef na jou gekyk het nie (miskien wel as jy sou gesê het dat jy twee keer kerk toe gaan). Maar in die samelewing soos wat dit toe normaal was, is jy as Christen nie as iets heeltemal vreemds beskou nie.

Sake staan vandag so bietjie anders. Mens kom dit veral agter as jy studeer, en selfs al tydens skooltyd. Mense kyk jou in vele gevalle anders aan as jy opreg belei dat jy 'n Christen is (in dit wat jy sê en in dit wat jy doen) en as jy glo in die vergewing van sondes en die ewige lewe. Mens kom agter dat jy baie meer 'blootgestel' voel as jy in gesprek is met mense wat nie die Here ken nie. Mens is bang dat jou naam daarmee heen gaan, of mens is gewoon net bang dat mense skeef na jou gaan kyk. Dit veroorsaak dat ons baie keer maar stilbly as daar op skool of elders gespot word met God en met sy Koninkryk. Die meerderheid doen tog meestal wel saam met die gespot. Dit sal tog nie soveel help as ons daarteen ingaan nie, want hulle sal heel waarskynlik weer 'n keer so spot.

'n Baie meer ernstige geval is dat dit baie keer in ons eie midde – IN die kerk en onder die jeug - presies dieselfde geval is. Dit gebeur baie dat sekere 'tradisies en menings' van sekere groepe meer waarde het as die Woord van die Here. Die gevolg is dat mens net soos op skool, bang is om die Waarheid na te jaag. Dis mos beter om 'n goeie naam te hê onder die jeug, as wat hulle dink jy is 'n 'nerd', of 'n dominee, of iemand wat sy bes doen om van die sonde af te wyk. En dit veroorsaak dat ons in baie gevalle skaam is om vir ons geloof te stry.

Ons hoef nie skaam te wees nie!
Dit is so wonderlik om elke keer weer op Sondag in die kerk die Geloofsbelydenis te mag hoor: "Ek glo in God die Vader, die almagtige, Skepper van hemel en aarde…" Wat bely ons hier? Dat die **HERE** die hemel en die aarde gemaak het. Dit beteken dus dat Hy wel 'n baie magtige God moet wees.

Dink bietjie: Die aarde is 'n ongelooflike groot ding wat in die ruimte sweef. Seker so iets soos 40 000 km in omtrek. Nie klein nie. As mens bietjie gaan nadink oor al die ongelooflike komplekse verhoudings op die aarde tussen mense en kulture, tussen al die verskillende lande, tussen die aarde en die atmosfeer en tussen al die diere, dan raak mens soms baie onder die indruk van hoe dit geskape is. Ja, daar is lewendige wesens wat mens nie eers met 'n gewone mikroskoop kan sien nie, en tog lewe hulle! En dan is daar lewende wesens waarteen ons 'u' sê, soos die blouwalvis. Dan is daar massiewe vliegtuie waarmee die mens rondvlieg van die een kontinent na die ander. Kyk maar na die mens self – hoe baie kan hy nie doen nie. Met al die Godgegewe tegnologie kan ons ongelooflik baie dinge doen. Hoe ingewikkeld is ons nie almal nie. Elkeen het sy eie persoonlikheid en voorkeure. Elkeen het sy eie dinge waarvoor hy bang is of wat vir hom / haar lekker smaak. Elke mens is gewoon uniek.



Mens kan dan so bietjie weg van die aarde af beweeg: Hoe wonderlik is die sonnestelsel waarin die aarde 'n plekkie het. Die verhouding tussen die aarde en die maan en die son en al die verskillende planete. Dan is ons sonnestelsel maar 'n spikkeltjie in die sterrestelsel. Amper

NUUT….

Annemarie de Vente

Lees Esegiël 36: 16-32.
***"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee."* - Esegiël 36: 26**

Ons word voor die grondlegging van die wêreld uitverkies en slegs deur Christus se versoeningsdood verlos. Hy kom met die Evangelie onder die mense, sodat hulle glo. Aangesien almal van nature dwaas is, omdat hulle die Woord van God nie aanvaar nie, maar verwerp, verander die Here die harte sodat hulle glo. Ook dit gaan teen elke hoogmoedige mensehart in. God ons harte verander? Ombuig vir geloof?

'Ja', sê die Here. 'Daar is niks van jouself by nie.' Die profeet Esegiël moet dit baie duidelik aan Israel, die volk verkondig. Israel het weggekeer van die Here. Die hele land was verontreinig deur hulle dade. Daarom het God so erg in toorn ontvlam, dat Hy hulle verstrooi het onder die volke. Dat hulle moes leef in ballingskap. Nou sal Hy hulle egter terugbring na die land Kanaän. Maar eers wil God bekering van sy volk bewerk. Is dit omdat Israel nou insien dat dit beter is om die Here te dien? Gaan die volk hulself bekeer? So wil die mens ook vandag graag glo, net soos vroeër die Remonstrante. Gód wys ons daarop as ons die verkeerde pad volg. Hy dring daarop aan dat ons anders moet gaan lewe. Dan kom daar die skokeffek van Christus se dood. Nou eers sal ons die goeie begin doen. So wil 'n hoogmoedige mens dit mos graag hê.

Die Here sê deur die profeet Esegiël: '*Ek doen dit. Ek sal jou 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees. Ek sal die hart van klip verwyder en jou 'n hart van vlees gee.*' Dis soos 'n volledige hartoorplanting. Daar is nie 'n ander moontlikheid tot nuwe lewe (die wedergeboorte) nie as deur 'n nuwe hart. Wedergeboorte staan gelyk aan die opwekking van 'n dode. Dieselfde krag waarmee God die skepping tot lewe roep is nodig om die mens 'n nuwe hart te gee. Dis niks minder as om 'n dode lewend te maak nie. Dis 'n goddelike hartoorplanting. Van die hart van klip, wat ons almal het, kan niks verwag word nie. Dit sal nooit klop in liefde vir God nie.
Dis yskoud en kliphard.

Dit is dus nie die mens self nie, maar God. Net Hy alleen kan hierdie groot wonder doen!

Dagstukkie vertaal uit 'Dagboek 1987'

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Andreas Boon
Lid: Rinus Kamphuis
Tegnies: Bijker Broers (gerhard@wefa.co.za)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@ef.techpta.ac.za)
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lede: Annemarie de Vente
Anneke de Jager

Kaapstad:
Artikelversorging: Erik van Alten
(luctor@mweb.co.za)
Margreet Moes
Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond
Bladuitleg: Maartje Eefting

Kontakpersone:
Johannesburg: Esther Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)
Bethal: vakant

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35 per jaar

DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

DIE JAAR 2000

Ja, dis al weer ‘n nuwe jaar wat voluit aan die gang is! Almal is weer hard aan die werk, hetsy by die skool, Technikon, Kollege of Universiteit. Dis al weer toetse en opdragte, en allerhande dinge wat ons kop en verstand heeltemal in beslag neem.

Tog vra jy jouself seker baie keer af: Gaan 1999 ‘n ander jaar wees as al die ander jare voorheen? Watter nuwe dinge gaan op ons afkom in die laaste jaar van die 20ste eeu? Gaan die wêreld verander? Gaan Suid-Afrika verander? Gaan ons direkte omgewing by die huis verander? Moet ons onsself voorberei op ander maniere van lewe as waar ons aan gewoond is? Gaan die wêreld vergaan met die begin van die jaar 2000? Moet ons maar net ons rekenaars afskakel, of moet ons …. ? En wat van …. ?

In hierdie jaar gaan daar sekerlik baie gefilosofeer word oor die oorgang vanaf die 20ste na die 21ste eeu. Mense sal hulleself op verskeie maniere voorberei vir dinge waarop hulle dink hulle moet voorbereid wees. Miskien sal ons werklik onsself op ‘n paar ingrypende dinge moet voorberei! Wie weet! Die mense weet ook nie altyd hoe om alles te voorspel nie.

Tog kan die gelowige in ‘n mate die toekoms voorspel. Nie dat ons presies weet wat oor tien en ‘n half maande gaan gebeur nie. Maar die gelowige het ‘n begrip van waar alles op af stuur. Hy is nie aan homself oorgelaat om die eeu self af te sluit, en die nuwe een te begin nie. Omdat hy vas daarin glo, en dit vir seker weet dat Christus alle mag het in die hemel en op die aarde. Die gelowige weet dat die einde van hierdie tydelike wêreld sal eindig in Christus se wederkoms. Geen paniek! Die Here regeer!

Namens die redaksies wil ons almal wat in Januarie en Februarie verjaar, baie geluk wens. Mag die Here julle naby wees in hierdie ‘laaste jaar van die 20ste eeu’. Graag wil ons ook alle matrieks van 1998 baie geluk wens met die suksesvolle voltooiing van hul skoolloopbane. Alles van die beste by die nuwe werk of met die studies!

Moenie huiwer om briewe vir Olielamp te skryf nie. Jou naam hoef nie daaronder te wees nie. Dis wel belangrik dat ons mekaar telkens opskerp oor dinge waaroor ons onseker is en waar daar verskille is.

Geniet hierdie uitgawe!
Groete en sterkte!
Namens Pretoria redaksie, Dirk Boon

INHOUD

Uit die Woord	Nuut…	Annemarie de Vente	2
	Weet jou medegelowige dat jy ‘n Christen is?	Dirk Boon	3
Op pad	Is ons swaarkry deel van God se raadsplan?	Margreet Bron	6
	Waar lê jou liefde?	Jopie van der Linden	7
	Die Posisie van die Christelike Vrou	Willemien Kleyn	8
	Drank, Rock & Roll, vloek en christmas-beddens	Erik van Alten	10
Voel jy ook so?	Vier jy ook Valentynsdag?	Wilma Lubbinge	12
	Skool toe … of tuisbly?	Petra en Henriette	14
Reaksiekolom	Hoe is ons jeug se gevoel oor ‘n gereformeerde hoërskool?		15
Rehobot	Die SAS Outeniqua Staptog		16
	Deur die sleutelgat		17
Pretoria	Aan die voet van die Magaliesberg		18
Verjaarsdae			20